higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N6

16 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Herhaling van die wit en swart kleurtone op kerkgangers se klere. Herhaling van kromlynige lyne wat gevorm word deur mense in die voorgrond en heuwels in die agtergrond. Herhaling van fatsoen en vorm.

1.1.2 Kromlynige lyn skep rustige en kalm atmosfeer. Herhaling van lyn waar sowel negatiewe as positiewe lys tekstuur en beweging skep. Eenvoudiger diagonale lyne gebruik in lugkontras met voorgrond.

1.1.3 Atmosferiese perspektief – oorvleueling van groter figure in die voorgrond en kleiner figure in die agtergrond. Hoë kontrak in voorgrond in figure en minder kontras in heuwels in die agtergrond. Boom en figuur in agtergrond.

(3 × 3) (9)

1.2 Persoon met uitgestrekte arms in wit kleed in boonste regterkantste hoek. Staan uit teen die swart heuwel weens kontras. Diagonale lyne in die lug lei die kyker se oë soontoe. (Enige relevante antwoord, volgens die elemente en beginsels van kuns) (3)

[12]

VRAAG 2

2.1. 2.1.1 Tekening met hoë kontras, met donkerder gedeeltes in die onderste helfte van die werk, wat stabiliteit verleen. Negatiewe donkerder/swart areas kontrasteer met ligter figure. Kontras dra by tot die dramatise gevoel van die toneel. (2)

2.1.2 Uitdrukkingsvolle tekentegniek met houtskool en conté op papier. Oordrewe en byna aggressiewe gebruik van lyn, krabbels en uitveemerke. Figure is verwring en verdraai en lyk geanimeerd. (3)

2.1.3 Komposisie is vol van kant tot kant en dit lyk asof die figure in die ruimte saamgedruk is. Minimale negatiewe ruimte met donker kleurtone geskep. Negatiewe ruimte in die boonste helfte van die kunswerk is ligter en help om die aandag na die figure aan die bokant te trek. Voorgrond in boonste helfte van die werk. (3)

2.2 Klaskamer lyk chaoties, met baie beweging en ekspressiewe emosionele eienskappe. (Enige relevante antwoord, met verwysing van die elemente en beginsels van kuns (2)

[10]

VRAAG 3

3.1 Organiese en geslote vorm met minimale negatiewe ruimte tussen die olifant se bene en die figuur. Basis het ‘n geometriese kubusfatsoen. Groot ronde fatsoen van die olifant kontrasteer met klein menslike figuur. Soliede geloofwaardige massa is lewensgroot. (3)

3.2 Tasbare tekstuur is oortuigend en rowwe tekstuur van die olifant se vel kontrasteer met die gladde vel van die menslike vel en basis. Kunstenaar het eers ‘n beeldhouwerk uit klei gemaak en verskeie instrumente gebruik om die verskillende areas uit te kerf en af te skuur. Het ‘n vorm (“mould”) van die kleibeeldhouwerk gemaak, waarin die hars gegiet is. Verf en hare is bygevoeg om die teksture meer realisties te maak – visuele tekstuur. (4)

3.3 Sien na met student. Betekenis: dra die wêreld se gewig op jou skouers.
(Enige relevante antwoord, met verwysing van die elemente en beginsels van kuns (3)
[10]

VRAAG 4

4.1 Sagte en gladde porselein op die gesig kontrasteer met growwe betonagtige area. Beeld is ontstellend en soos ‘n nagmerrie. Die area wat soos die binnekant van ‘n gesloopte gebou lyk, is vol koeëlgate en herinner aan oorlog. (3)

4.2 Positiewe ruimte is die wit porseleingesig. Negatiewe ruimte is die donker gate wat soos ‘n beskadigde gebou lyk. Area om die beeldhouwerk/muur is negatiewe ruimte. Verteenwoordig nagmerries of gedagtes van oorlog en verlies. (3)

4.3 Reliefwerk, omdat dit aan die een kant plat is en teen ‘n muur monteer is. Nie driedimensioneel nie, omdat dit nie van alle kante beskou kan word nie. Nie twee-dimensioneel nie, omdat dit nie plat soos ‘n skildery is nie.
(Enige relevante antwoord, met verwysing na die elemente en beginsels van kuns) (2)
[8]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

- Invloede op die beweging (6)
- Stilistiese kenmerke met verwysing na spesifieke kunswerke deur elke kunstenaar. (7 + 7) (14)

EEN van die volgende kunstenaars:: Monet: *Impression Sunrise, Rouen Cathedral, Saint-Lazare Train Station* of enige ander kunswerk. Renoir: *Le Moulin de la Galette.* Manet: *A Bar at Folies*-Bergere of Degas: *The Rehearsal.*

Die onderskeidende kenmerke van Impressionisme is: skilder buitenshuis, fokus op lig en die uitwerkings daarvan, vang ‘n vlietende oomblik vas, kragtige, haastige kwashale, helder pigmentasie, geen onderlaagverf (skilder op ‘n wit doek). Al hierdie eienskappe is** deur die uitvinding van fotografie beinvloed. Eugene Boudin was ‘n belangrike grondlegger van Impressionisme. Hy was een van die eerste kunstenaars om die esel buitentoe te bring en in die buitelug te skilder. Deur Manet en Realisme beinvloed – alledaagse tonele. Agtergrondinligting en ‘n kort bespreking van die rol van die salonne. Invloed op toekomstige bewegings soos post-Impressionisme en Fauvisme.

Laat slegs SES punte toe vir invloede.

Invloed van lig op voorwerp op verskillende tye van die dag. Invloed van lig wat van een voorwerp na ‘n ander weerkaats. Naasmekaarstelling van kleur soos deur lig beinvloed. Studente moet na die invloed van die ontdekking van nuwe pigmente van kleur en lig verwys. Skilder buitenshuis, vang beweging vas – kort, rukkerige kwashale. Punte vir kenmerke van Impressionisme.

Ontleed komposisie van gekose kunswerk deur elke kunstenaar. SEWE punte per kunstenaar.

(Enige relevante antwoord)

[20]

VRAAG 6

Studente moet TWEE van die volgende kies:
Van Gogh word erken weens die simboliese betekenisvolheid en uitdrukkingsvolle gebruik van kleur en verwringing. Enige van Van Gogh se werke kan bespreek word, bv. *Starry Night, Night Café,* ens.

Gauguin word erken weens die vereenvoudigde en simboliese gebruik van vorm en kleur met ‘n sterk godsdienstige en filosofiese invloed in sy werk. Gekose kunswerke kan insluit: *Where Do We Come From? What are We? Where are we Going?* OF *Jacob wrestling with the Angel* OF *Yellow Christ* of enige ander relevante werk. Invloed van kleur op Fauvisme**.

Cezanne: Voorbeeld: *Mont Sainte-Victoire* of enige ander relevante kunswerk. Studente moet verwys na sy analitiese styl; “motief”; kenmerke van lyn, vlak en kleur en die onderlinge verhoudings tussen hulle; afbreek van die natuur tot sy mees eenvoudige vorm – kubus, silinder, sfeer en kegel en dat die voorgrond en agtergrond ewe belangrik is. **[20]**

(Enige relevante antwoord)

VRAAG 7

Beskryf die invloede op die beweging kortliks, maar fokus op die kunstenaar se tegniek, gebruik van kleur, komposisies en algemene kenmerke.

Gee punte vir kort besprekings oor agtergrond, definisie en die oorsprong van die term fauvisme en invloede op die beweging of kunstenaar. Studente moet die kenmerke van fauvisme bespreek met verwysing na kunswerke soos: *Madame Matisse; The Red Room, Woman with the Hat* of enige ander werk. Studente moet daarna verwys dat vorm vereenvoudig word, lukrake en plat kleure aangewend word om ruimte te skep, en dat voorwerpe dik omlyn word. buitelyne. Studente moet die eienskappe van hierdie beweging beskryf deur verteenwoordigende skilderye te ontleed.

(Enige relevante antwoord) **[20]**

VRAAG 8

De Brücke of Die Brug – filosofiese idees van Nietzsche – glo dat die hede die toekoms kan beinvloed. Om die huidige situasie te oorwin/nuwe begin. Deur primitiewe nie-Westerse kuns en Russiese literatuur literature beinvloed.

Studente kom Kirchner gekies het (bv. *Die Straat Dresden*) en EEN ander verteenwoordigende kunstenaar, bv.: Nolde/Heckel of Schmidt-Rottluff van Die Brug. Verwysing moet gemaak word na die kunstenaar se verwringing van vorm vir emosionele effek en die invloed van vul ervaring op stadslewe. Elke kunstenaar se keuse van onderwerp en tegniek, bv.: teenstellende kleurtone, uitdrukkingsvolle gebruik van kleur en hoekige, byna aggressiewe kwashale.

(Enige relevante antwoord) **[20]**

VRAAG 9

Invloede op Kubisme is aan primitivisme en nie-westerse bronne verbind, bv.: die gestileerdheid en verwringing van Picasso se *Les Demoiselles d'Avignon* is uit Afrika-kuns afkomstig. Primitivisme is 'n Westerse kunsbeweging wat visuele vorms van nie-Westerse of prehistoriese mense leen, 'n gebruik wat die kern van die ontwikkeling van moderne kuns was. Picasso is deur Afrika-artefakte beïnvloed.

Analitiese Kubisme: Kleurskemas was eenvoudig, en het byna na monochromaties geneig (skakerings van taankleur, bruin, grys, roomkleur, groen of blou) om nie die kyker se aandag van die kunstenaar se primêre belang af te trek nie – die struktuur van vorm self. Die monochromatiese kleurskema was geskik vir die aanbieding van komplekse, meervoudige aansigte van die voorwerp, wat nou tot die oorvleueling van ondeursigtige en deursigtige vlakke gereduseer is. Hierdie vlakke lyk asof dit uit die oppervlak van die doek opstyg eerder as wat dit in die diepte terugsak. Vorms is oor die algemeen kompak en dig in die middel van die analitiese Kubistiese skildery, en word groter namate dit na die rante van die doek uitsprei, soos in Picasso se *Portret van Ambroise Vollard*. OF *Meisie met 'n Mandolien*.

In Braque se *Viool en Pallet* (1909-10), spesifieke dele van 'n viool wat bedoel is om die hele instrument te verteenwoordig, soos uit verskillende gesigspunte beskou (gelyktydigheid). *Die Portugees* of *Huise by L'Estaque* of enige ander toepaslike kunswerk.

(Enige relevante antwoord) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 140

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

BEANTWOORD ENIGE 3 VRAE UIT AFDELING B.

VRAAG 10

Futurisme (Italiaans: *Futurismo*) was ‘n artistiese en maatskaplike beweging wat in die vroeg 20ste eeu in Italië ontstaan het. Dit het spoed, tegnologie, jeug, geweld, en voorwerpe soos die motor, die vliegtuig en die nywerheidstad beklemtoon. Die sleuetlfigure was die Italianers Filippo Tommaso Marinetti, Umberto Boccioni, Carlo Carrà, Gino Severini, Giacomo Balla en Luigi Russolo.

Studente moet agtergrondinligting, futuristiese manifesto of onderliggende motivering vir hierdie nuwe manier om kuns te skep, noem. Verwysing moet na historiese, geografiese, godsdienstige, ekonomiese, ens. invloede gemaak word. Verwys na en toon duidelike begrip van die verheerliking van oorlog en spoed. Studente moet na TWEE voorbeelde en die gebruik van verskillende materiale en tegnieke verwys. Hulle moet toepaslike kenmerke noem, met verwysing na spesifieke kunswerke.

(Enige relevante antwoord) **[20]**

VRAAG 11

Malewitsj, bv. *Suprematist Composition: Airplane Flying 1915*. Studente moet die agtergrond van en invloede op hierdie beweging of kunstenaar bespreek.

Malewitsj het met sketse van eenvoudige geometriese fatsoene geëksperimenteer en oor hul estetiese waarde begin skryf. Hy het ‘n teorie ontwikkel wat beweer dat kuns wat vir moderniteit geskik is, moet probeer om te kommunikeer deur ‘n suiwer abstrakte visuele taal wat op eenvoudige geometriese vorms gebaseer is. Kunswerk moet met enige abstrakte kunswerk deur Kandinsky of Mondrian vergelyk word.
(Enige relevante antwoord) **[20]**

VRAAG 12

Moenie ‘n punt vir die titel in die vraag toeken indien student besluit om hierdie werk te bespreek nie. (15)

Studente moet minstens TWEE van Mondrian se werke bespreek om hulle ontleding van die kenmerke van De Stijl te staaf. Hierby moet hulle die agtergrond en ontstaansgeskiedenis van De Stijl bespreek. Die volgende kenmerke moet genoem word: 'n Poging om ná die vernietiging van die Eerste Wêreldoorlog standvastigheid te bring en die orde te herstel; Naam van groep kunstenaars/argitekte/ontwerpers/Nederlandse tydskrif. Basiese visuele element: die gebruik van swart, slegs horisontale en vertikale swart lyne wat met die hand geverf is; alleen die drie primêre kleure word gebruik: rooi, blou en geel; natuurlike vorms word tot fatsoene gereduseer' – reghoek of vierkant; komposisies is goed gebalanseer; en die skilderkuns word wiskundig benader. (5)

Het ideale geometriese vorms soos die “volmaakte reguit lyn” beinvloed. De Stijl-werke het die Bauhaus-styl en die internasionale argitektoniese styl beïnvloed. Rietveld Schröder Huis, wat die enigste gebou is wat ooit geskep is deur slegs die beginsels van De Stijl te gebruik. Die buitekant van die huis met wit en grys mure, swart deurkosyne, sterk elemente wat in primêre kleure geverf is.

(Enige relevante antwoord)

[20]

VRAAG 13

Duchamp se idee dat enigiets kuns kan wees en dat ‘n kunstenaar kuns benoem, is ‘n idee wat deur talle historiese en kontemporêre bewegings weerklink het.

Duchamp se kunswerke kan klaar gemaakte stukke insluit soos: *Fontein*, klaar gemaakte hulpkunswerke, *LHOOQ*, (anti-kuns) seksmasjiene/meganiese kunswerke; *Groot Glas*, mobiele (hangbewers); werk wat toevallig geproduseer is, byvoorbeeld *Bottelrak*, *Naakfiguur wat by 'n trap afstap*, of enige ander relevante werk. In hulle besprekings van hierdie kunswerke moet studente die kenmerkende eienskappe van dada noem

Of enige ander kunstenaar. In hulle besprekings van hierdie kunswerke moet studente die kenmerkende eienskappe van Dada noem. (Enige relevante antwoord) **[20]**
(20)

VRAAG 14

Bespreek die kunswerke van TWEE Surrealisme-kunstenaars wat kuns geskep het deur hetsy fantasie- en droombeelde te gebruik, en/of kuns geskep het sonder bewustelike beheer.

Dali se kunswere: *The Persistence of Memory; Burning Giraffe; The Elephants; Swans reflecting Elephants* **EN/OF**

Magritte: *Treachery of images; Son of Man; The Human Condition.* **OF**
Max Ernst: *The Elephant Celebes.* Of enige ander relevante werk.

Studente moet die kenmerke van Surrealisme in hul bespreking van die kunswerke uitlig.

Hulle kan die twee lyne binne die beweging kortliks bespreek: Natuurlike Surrealisme – erkende tonele wat in drome of nagmerriebeelde metamorfoseer; en biomorfiese of Outomatisme – die skepping van kuns sonder bewustelike beheer. Noem meer invloede of brei uit oor die invloed van Freud en die onderbewussyn.

Verwysing moet gemaak word na verskeie tegnieke wat gebruik word, omdat dit deel van die kenmerke vorm, bv. outomatisme, toeval ("chance"), *frottage*, outomatiese tekening, ens.

(Enige relevante antwoord) **[20]**

VRAAG 15

Student moet wys dat hulle hierdie stelling verstaan deur die kunswerke van enige TWEE Aksieskilderwerk-kunstenaars te ontleed.

Aksieskilderwerk, bv.: Jackson Pollock – beïnvloed deur Mirro, Picasso en Surrealistiese skilders. Daar moet na die skeppingsproses verwys word: bv, rol die doek oop op die vloer, drup verf en loop op die kunswerk, meng verf met sand, (invloed van Amerikaanse Inheemse Indiane), kies en sny die beste deel uit, grootte van kunswerk, ens. Bv.: *Lavender Mist, She-Wolf.*

OF

Willem De Kooning vir aksieskilderwerk. Deur Kubisme en Japannese inkskilderye beinvloed. De Kooning, verwys na groot, dramatiese kwashale, energieke aanwending, wegskraping, rouheid en intensiteit, kragtige interaksie met doek. – (*Woman series*).

AND

Vir kleurveldskilderwerk sal student na werke deur Rothko moet verwys, met relevante voorbeelde van kunswerke, bv. Nr 14. Of verwys na Barnett Newman of Helen Frankenthaler.

(Enige relevante antwoord)(10 × 2) **[20]**

VRAAG 16

Close: *The Big Self-portrait; The Event; Alex II;* of enige ander werk. Teelepel verf, fotografiese presiese tegniek – gebruik van Polaroid – gebruik van roosterstelsel om ry vir ry te bou, ens. Fotorealiste het skilderye geskep wat so lewensgetrou moontlik was en, soos die naam van die beweging aandui, 'n foto naboots.

Die styl is deur fotografie geïnspireer, eerder as om gebeure intyds waar te neem. Gebruik die visuele inligting wat deur die kamera vasgevang is om illusionistiese skilderye/tekeninge te skep.

EN

EEN van die volgende:
Richard Estes: *The L Train* 2017; *The D Train* 1988; *Double self-portrait* of T*elephone Booths* of enige ander werk.

OF

Pearlstein: *Portrait of Robert Storr* 1988; *Self-portrait* 2000.

(Enige relevante antwoord) (10 × 2) **[20]**

VRAAG 17

Warhol: *Green Coca-Cola Bottles; Marilyn Diptych* (syskerm)

Verteenwoordigende voorbeelde van Britse/Amerikaanse Popkunstenaars wat op verbruikerskultuur en massageproduseerde vorwerpe kommentaar lewer. sluit onder andere Johns *(Three Flags)*, Oldenburg (*Lipstick on Caterpillar tracks*) en Lichtenstein *(Hopeless*: Ben-Day kolletjietegniek*)* in*.* Omdat elke kunstenaar se tegniek en onderwerp so uniek is, sal die student elke werk sorgvuldig moet kies en bespreek. 'n Student kan ook na meer as een werk deur die gekose kunstenaar verwys. (Enige relevante antwoord)(10 × 2) **[20]**

VRAAG 18

Joseph Beuys, bv.: *How to Explain Pictures to a Dead Hare; Homogenous Infiltration for Grand Piano; The Pack* of enige ander werk.

Laat student toe om die algemene doelwitte van die beweging te bespreek en uit grondkuns, uitvoerende kuns, nuwe media en rekenaargrafika te kies in hul bespreking van die belangrikheid van dokumentasie van die kunswerk. (Enige relevante antwoord) **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou